

# Verwelkom laaste herfsmaand fleurig

**Met die koms van Mei het die laaste maand van vanjaar se herfs aangebreek. Snags en smôrens is dit koel, maar teen die middaguur word baadjies en truie uitgetrek. "How beautifully leaves grow old. How full of light and color are their last days," het John Burroughs geskryf. Dit kan net sowel geld vir dié herfsblare by Kimberley Girls' High School.** FOTO: HELENA BARNARD

## Hoofartikel

# Wag voor mond mag nooit dros

**Om die waarheid te ontbloot, landsburgers in te lig en magsmisbruik in 'n regeringsbestel sigbaar te maak is van die hoofredes waarom vryheid in die perswese nagestreef word.**

'n Kaart waarop die persvryheidsindeks van bykans alle lande ter wêreld aangebring is, dui aan dat 'n "bevredigende situasie" betreffende persvryheid in Suid-Afrika en Namibië bestaan. Dieselfde geld onder meer vir Argentinië, Amerika, Kanada, die meeste Wes-Europese lande, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Korea en Taiwan.

Slegs enkele lande, wat Groenland, Noorweë, Swede, Finland, Ierland en Portugal insluit, beoefen persvryheid wat as "goed" beskou word.

"Opmerklike probleme" betreffende persvryheid word in lande soos Botswana, Angola, Oos-Europese state en die grootste deel van Suid-Amerika aangedui. Dit kom nie as 'n verrassing dat "baie ernstige persvryheidsprobleme" vir onder meer China, Rusland, Kuba, Venezuela, Egipte en die Midde-Oosterse lande aangedui word.

Vanjaar, ter bewusmaking van Wêreldpersvryheidsdag wat Woensdag (03/05) plaasgevind het, was die Verenigde Nasies (VN) se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (Unesco) se werkstitel vir die dag: "Freedom of expression as a driver for all other human rights".

Hoewel die pers waarheid moet ontbloot, burgers ingelig moet hou en magsmisbruik moet uitwys, geld media-etiek steeds, selfs in lande waar persvryheid as "goed" of "bevredigend" beskou word.

Met die massagebruik van sosialemediaplatforms het elkeen wat 'n boodskap of foto die digitale ruimte instuur, deel van die mediamag geword.

Ondeurdagte woorde en skokkende foto's laat 'n mens egter spyt voel dat dié soort "mediavryheid" nie strenger ingehok word nie.

Wanneer die spreekwoordelike wag voor jou mond jou tikkende vingers nie in toom hou nie, tas jy juis ander se menseregte aan.

## Little gem

### google

name of an internet search engine; also used as a verb

■ The name Google comes from the word "googolplex". Googol is the digit 1 followed by 100 zeroes, while googolplex is 1 followed by a googol zeros. While this is an unimaginably large number, there is still an infinite quantity of larger numbers.
– **techtarget.com**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.



Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

## Twyfelhoekie

# 'n Tikkie perspektief vergemaklik vasbyt

HANNES NOËTH

**Ek het onlangs die voorreg gehad om aan die Vasbyt-wedloop deel te neem.**

'n Afstand van 100 km oor vier dae – hoewel dit redelik maklik haalbaar is, daag dit 'n mens tog uit en toets dit 'n mens.

Vasbyt in die lewe is eintlik ook maar deel van ons. Daar is nie 'n mens wat nie groot dele of bepaalde fases van sy of haar lewe beleef waarin vasbyt besonder nodig is nie.

Dit is eintlik so 'n mooi uitdrukking: Byt vas.

Terwyl ek met 2023 se Vasbyt besig is, besef ek dit is tyd vir ons weeklikse Twyfelhoekie, en ek kan net sowel 'n paar van my vasbyt-gedagtes met lesers deel.

Die eerste ding wat my opval, is hoe maklik 'n mens – wanneer dit 'n bietjie swaarder begin gaan en die energie minder word – die mooi om 'n mens laat verbygaan.

Die sonsopkoms is steeds mooi, asook die rivier en die verandering van seisoene.

Die tweede ding wat my in die besonder opval, is hoe 'n mens, wanneer 'n mens soms ver vooruit kyk, net opdraandes sien.

Die een ná die ander.

Dan is dit nogal wys om net tree vir tree te beweeg daar waar jy is.

Vergeet die opdraande wat ver is. Loop tree vir tree van waar jy is.

Die derde gedagte is dat 'n mens nooit alleen is nie. Daar is altyd ander saam met jou op die pad.

Soms voel jy kilometers en kilometers aaneen alleen, maar daar is altyd ander saam op pad.

Gelukkig.

Daarom: Vasbyt, tot die einde!

## Potpourri

# Eetgoed krap om

KARIN MULLER

**Sy het by haar kollega se kantoor ingestap en inligting gevra om haar werk te voltooi.**

Hy het kortaf geantwoord en haar aangegluur.

"As ek jou dag omgekrap het, moet jy asseblief vir my sê – dat ek dit kan regstel," het sy gesê.

"As ek nie jou dag omgekrap het nie, regverdig dit nie hierdie kortaf optrede van jou nie."

Hy het om verskoning gevra en die inligting gegee waarvoor sy gevra het.

Toe sy 'n ruk later by haar kantoor instap, het daar twee kolwyntjies op haar lessenaar gewag. Sy het die bordjie eetgoed geneem en na haar kollega se kantoor gestap.

"Ek aanvaar hierdie is van jou af?" het sy gevra.

Hy het sy kop geknik.

Sy het verduidelik dat dit nie nodig was nie, maar dat sy dit waardeer.

Toe sy omdraai om by sy kantoordeur uit te stap, het hy weer iets kortaf in haar rigting geslinger.

Sy het die kolwyntjies op sy lessenaar neergesit.

"As jou optrede nie verander nie, kan jy hierdie hou."

Sy was omgekrap.

Hy ook.

Van sy kant af het hy beduie dat hul werksverhouding skade gaan ly as sy die eetgoed vir hom teruggee.

Sy het by sy kantoor uitgestap en die bordjie op die ontvangstoonbank neergesit.

"Hier is vir julle twee dames eetgoed."

'n Rukkie later het die ontvangsdame by haar kantoor ingeloer.

"Marie is omgekrap omdat jy eetgoed gaan koop het en vir almal gee, behalwe vir haar."

## Kameeldoring

# Verjaar soms 'n fout

GERDA-MARIÉ VAN ROOYEN

**Rooymamma tik op haar skootrekenaar dat dit na 'n gerinkink klink. Haar kop is so hard besig met die bewoording van 'n artikel oor die belangrikheid van 'n kommunikasieplan vir skole, dat sy hop van die skrik toe Dominee langs haar praat.**

"Jy moet ophou speel op Facebook, hoor," onderbreek hy Mamma se werksgang.

Hy wys na die foon: lidmate van 'n vorige gemeente wens haar hartlik geluk met haar verjaardag.

Mamma skrik, maar Pappa die Logiese lig haar in dat Facebook sê sy verjaar vandag, al is dit ses maande vroeër as die datum in haar ID-boekie (sy stel uit om 'n ID-kaart te kry).

Die Rooyspan bekyk die 2005-geboortedatum wat dié platform aandui.

"Bokkie, ek is weer 18!," jubel Mamma.

"In ag genome dat ons oudste agt jaar oud is, dink ek jy moet dit verander. Dit laat my baie verdag lyk," stel Rooypappa voor.

Mamma stel die datum reg en plaas 'n ek-is-jammer-boodskap en 'n verduideliking op haar profiel: "Jammer, mense. Ek verjaar nie vandag nie. Ek wou toegang tot 'n app hê en het 'n lukrake datum gekies. Hou die biltong en sjokolade tot 1 Oktober."

Te midde van die fout se regstelling en bekentenis, stroom die gelukwense op die Samsung tot laataand in. Rooymamma sê nietemin dankie vir die boodskappe.

'n Mens kyk mos nie 'n gegewe seënwens in die bek nie? (Dit is wel jammer Mamma se skimp is nie voor die blaps gemaak nie, want niemand het met sjokolade of biltong by die nuwe pastorie opgedaag nie.)